

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)

Appèl Nr. : A306/2004

In die appèl van:

ANNA MAGRIETHA VAN DEN HEEVER

Appellante

en

BOLAND BANK

Respondent

CORAM: MALHERBE RP *et* VAN COPPENHAGEN R

AANGEHOOR OP: 29 AUGUSTUS 2005

UITSPRAAK DEUR: VAN COPPENHAGEN R

GELEWER OP: 29 SEPTEMBER 2005

[1] In haar dagvaarding vorder appellante (eiseres in die hof *a quo*) van respondent (verweerder in die hof *a quo*)

- “(a) Betaling van die bedrag van R42 603,39
- b) Koste van geding
- c) Verdere en/of alternatiewe regshulp.”

Dié vordering word gebaseer, so word in die dagvaarding beweer, op respondent se versuim om appellante as koper teen uitwinning te vrywaar, met as alternatief nakoming van respondent se verpligting ingevolge 'n ooreenkoms aangegaan op 25 Oktober 1996.

Tydens die verhoor was die landdros versoek om die geskilpunte ten aansien van die meriete en die vasstelling van die *quantum* van die vordering afsonderlik te beslis. Dit was aldus gelas.

Die landdros se bevinding op 19 April 2004 ten aansien van die geskille wat hy moes bereg, was kort en kragtig:

“Eiseres se eis word van die hand gewys met koste.”

Die landdros het weliswaar later redes vir sy gevolgtrekking soos bedoel in Landdroshofreël 51(1) met aanvullende redes soos bedoel in Landdroshofreël 51(8) verskaf.

[2] Dit is teen voormelde bevel wat appellante nou wens te

appelleer. Om dit te kan doen, moet appellante egter kondonاسie kry vir verskeie versuime.

[3] In die eerste aansoek om kondonاسie, aansoek nr. C115/05, beteken op 3 Augustus 2005 vra appellante kondonاسie vir

- “(a) Die laat voortsetting van die appèl, en
- b) Die laat indiening van die rekord.”

In die steunende verklaring vir laasgenoemde aansoek om kondonاسie verduidelik appellante se plaaslike prokureur dat

“(d)ie appèl kon nie binne die voorgeskrewe tydperk voortgesit word nie, aangesien die transkribering van die getuienis sowel as die voorbereiding van die rekord meer tyd in beslag geneem het as wat toegelaat word en gevolglik kon die rekord eers op 23 September 2004 ingedien word en kon die appèl eers op daardie datum behoorlik voortgesit word.”

Met voortsetting van appèl is die eerste stap ‘n aansoek aan die Griffier, met kennisgewing aan alle partye, om ‘n verhoordatum (Hooggeregshofreël 50(4)(a)).

Ingevolge Hooggeregshofreël 50(7) moet afskrifte van die oorkonde egter gelyktydig met die aansoek om 'n verhoordatum ingedien word. In die onderhawige geval was dit gewoon vir appellante, soos ook deur die plaaslike prokureur verduidelik, 'n saak van onmoontlikheid.

Dit is dan ook te verstane, dat respondent geen beswaar teen dié aansoek opper nie.

Die versuim om betyds die rekord in te dien en die appèl voort te sit, word om voormelde rede kondoneer.

[5] Appellante het ook versuim om sekuriteit van R1 000,00 soos bedoel in Reël 51(4) van die Wet op Landdroshowe, Wet 32 van 1944, te verskaf.

Appellante se aansoek om kondonasie, aansoek nr. C130/2005, vir voormelde versuim wat beteken was op 18 Augustus 2005, word deur respondent opponeer.

[6] Dit word aanvaar dat appellante se prokureurs redes vir die landdros se uitspraak aangevra het, want sulke redes, soos bedoel in Landdroshofreël 51(1) was verskaf op 20 April 2004.

Appèl ingevolge Landdroshofreël 51(3), en daarmee gepaardgaande sekuriteit van R1 000,00 ingevolge

Landdroshofreël 51(4) moes dus binne 20 dae na 20 April 2004 deur appellante aangeteken en afgelewer word.

Appellante se kennisgewing van appèl was beteken op 18 Mei 2004, maar die vereiste sekuriteit van R1 000,00 soos bedoel in Landdroshofreël 51(4) was nie verskaf nie.

In die steunende verklaring tot die aansoek om kondonasië verduidelik appellante se plattelandse prokureur die versuim om sekuriteit te stel as volg:

“4 Ek het egter nagelaat om gelyktydig met die indiening van die kennisgewing van appèl soos voornoemd sekerheid te stel soos bedoel in Reël 51(4) van die Reëls op Landdroshof, aangesien ek op daardie stadium (18 Mei 2004) onder die indruk was dat dit nie meer nodig is vir appellante om sekuriteit te stel nie en was ek ook verkeerdelik onder die indruk dat die bepaling ongrondwetlik sou wees. (My invoeging.)”

Dit is nie duidelik wat appellante se prokureur onder dié indruk gebring het dat die verskaffing van sekuriteit nie langer vereis word nie; die reël is immers duidelik.

Wat erger verontrustend is, is die feit dat appellante se plattelandse prokureur nadat hy in Februarie 2005 bewus geword het van sy versuim hy tot so laat as 18 Augustus

2005 gewag het om kondonasie vir die versuim aan te vra.

Op gemelde datum was die appèl reeds ter rolle geplaas en

het respondent se advokaat in sy betoogshoofde, beteken op

12 Augustus 2005, na die versuim verwys.

Vir gemelde versuim is daar geen verduideliking nie. Appellante se plattelandse prokureur se versuim kan egter nie appellante toegereken word nie, en behoort die versuim om gemelde rede alleen kondoneer te word.

[7] Appellante steun in haar dagvaarding, so wil dit voorkom, op twee skuldgronde.

- Eerstens op 'n vrywaring teen uitwinning geïmpliseer in 'n skriftelike koopkontrak aangegaan op 2 Desember 1994 tussen haar as koper en respondent as verkoper. Immers, in paragraaf 3 van die besonderhede van vordering word dié bewering pertinent gemaak.
- Tweedens steun appellante op 'n onderneming, deur respondent op 25 Oktober 1996 gegee, om die waarde van die appellante se voertuig aan haar te betaal indien Bankfin se aanspraak op die voertuig deur 'n bevoegde hof erken sou word.

[8] Respondent het pertinent die bewering dat die ooreenkoms, soos beweer, aangegaan is, ontken. Appellante moes dus indien sy wou steun op die geïmpliseerde vrywaring teen uitwinning, bewys dat respondent as “verkoper” kontraksparty tot die “skriftelike afbetalingsverkoopsooreenkoms” gedateer 2 Desember 1994, aanhangsel “B” tot die dagvaarding, was.

[9] In aanhangsel “B”, die skriftelike dokumente waarop appellante steun as synde die boekstaving van die afbetalingsverkoopsooreenkoms, word die verkoper egter as ene Magdalena Dorothea Herbst aangegee.

Appellante het ook by herhaling in haar getuienis in hoof sowel as tydens kruisverhoor bevestig dat sy die BMW voertuig, wat die koopgoed was in die afbetalingsverkoopsooreenkoms, van haar skoonsuster voormelde Herbst, wat in Oudtshoorn woon, gekoop het en die voertuig aldaar in ontvangs geneem het.

Appellante het dus nie bewys dat respondent as verkoper party tot die koopkontrak waarop sy, appellante, vir 'n vrywaring teen uitwinning steun, was nie.

Haar aksie op voormelde skuldgrond gebaseer kan dus nie slaag nie.

[10] In 'n argument op appèl word voorgehou dat ten opsigte van die eis gegrond op uitwinning

“(d)ie enigste vraag wat vir beregting van hierdie gedeelte van die appellant se eis relevant was, was of die appellant in lig van die sessie tussen respondent en Herbst oor enige vordering teen die respondent beskik.”

Dié argument word dan uitgebou met die submissie dat omdat respondent nie gepleit het dat kragtens 'n dokument getiteld “sessie individue afbetalingsverkoopsooreenkoms”, appellante nie teen uitwinning gevrywaar word nie, die landdros verkeerdelik voormelde dokument inaggeneem het.

[11] Dit was uit die staanspoor, reeds in appellante se besonderhede van vordering, appellante se saak dat Magdalena Dorothea Herbst “al haar reg, titel en belang in terme van die ooreenkoms aan verweerder sedeer” het.

Dit was ook appellante wat die dokument getiteld “Sessie Individu Afbetalingsverkoopsooreenkoms” blootgelê het en as bewysstuk “G” tydens die verhoor ingehandig het.

In gemelde dokument, bewysstuk “G”, dra Magdalena Dorothea Herbst oor “al my reg, titel en belang in en tot ‘n afbetalingsverkoopsooreenkoms/huurooreenkoms aan Boland Bank Beperk”.

Appellante was nie party tot voormelde sessie nie en net so was respondent nie ‘n party tot die afbetalingsverkoopsooreenkoms nie.

Die enigste band, regsband, tussen respondent en appellant was dus die sessie, bewysstuk “G”, ingevolge waarvan respondent al Herbst se regte insluitende haar voorbehoud van eiendomsreg ontvang het, en appellante weens haar kennis van die sessie verplig was om aan respondent te presteer.

Die beginsel is geyk; by die interpretasie van dokumente en

kontrakte moet effek gegee word aan die woorde soos dit uitgedruk word, indien dit duidelik is. (**HNR PROPERTIES**

CC AND ANOTHER v STANDARD BANK OF SA LTD 2004

(4) SA 471 (SCA) 477 H paragraaf 14)

Daardie sessie is duidelik; dit behels slegs die oordrag van reg, titel en belang, geen melding word gemaak van enige verpligtinge wat op respondent oorgaan nie.

[12] Dit was op geen stadium appellante se saak op die pleitstukke dat respondent die verpligtinge van Herbst oorgeneem het nie, ergo dat delegasie plaasgevind het nie en daar is ook nie bewys dat dit die bedoeling van die respondent en Herbst was dat daardie verpligtinge oorgeneem word nie.

[13] In 'n argument was namens appellante gesteun op die *dictum* in die gewysde **GENERAL FINANCE CO (PVT) LTD v ROBERTSON** 1980 (4) SA 122 (ZAD), 'n saak waarin die geleerde Regter oorweging geskenk het aan die interpretasie

van 'n spesifieke ooreenkoms wat voor die hof gediens het. By daardie interpretasie het die geleerde Regter na verskeie gewysdes verwys om interpretasie en uitdrukking te gee aan die woord “cession” en uiteindelik tot die gevolgtrekking geraak dat die sessie in daardie geval ook 'n delegasie van verpligtinge behels het.

Die feite in voormelde saak verskil egter ten aansien van deurslaggewende aspekte van die onderhawige.

Die sessie in daardie saak ter sprake was 'n sessie van
“cession of this agreement and the ownership of the goods”.

In die onderhawige geval was die sessie slegs ten aansien van reg, titel en belang en nie van die gehele ooreenkoms nie.

In voormelde saak was die bepaling in die ooreenkoms dat die verkoper ook sou insluit enige sessionaris van die oorspronklike verkoper terwyl in die onderhawige geval in die afbetalingsverkoopsooreenkoms bepaal word dat “enige verwysings in hierdie ooreenkoms na die verkoper sal tensy

uit die samehang anders blyk, geag word 'n verwysing na Boland Bank Bpk te wees,” d.w.s nadat sessie aan Boland Bank gegee is.

Dit is dus duidelik dat die verwysing na Bolank Bank as verkoper slegs sal geld waar die samehang van die ooreenkoms nie anders aandui nie.

- [14] In **MILNER v UNION DOMINIONS CORPORATION (SA) LTD AND ANOTHER** 1959 (3) SA 674 (KPA) te 677 het Watermeyer R, myns insiens met respek tereg die geskil in daardie saak, soos dit voorgedoen het, en dan ook bykans meteen ook in die onderhawige saak, as volg bygelê:

“But whatever possible meaning can be given to loose expressions like 'ceding a lease' or 'ceding a contract', it is clear that here the pleader used more precise language in para. 6. What was ceded was stated to be all the second defendant's 'right, title and interest in and to the said agreement and to the said motor-car'. Giving to these words their ordinary meaning, and having regard to the fact that the word 'cede' is the

appropriate word to use in relation to rights and an inappropriate word to use in relation to obligations, I have come to the conclusion that all that is alleged in para. 6 is a cession of rights and not a delegation of obligations.”

Dit is duidelik uit appellante se besonderhede van vordering tot haar dagvaarding sowel as die sessie, bewysstuk “G”, dat regte sedeer was en verpligtinge nie oorgeneem was nie.

[15] Appellante se vordering gebaseer op ooreenkoms word in die dagvaarding as volg geformuleer:

“8. Op of omtrent 25 Oktober 1996 het die verweerder onderneem om die waarde van die voertuig aan die eiser te betaal indien Bankfin se aanspraak op die voertuig deur ‘n bevoegde hof erken sou word.”

[16] Die getuienis wat betref die totstandkoming van die onderneming, wat gemeensaak is, is kortliks die volgende. Nadat appellante reeds voldoen het aan haar verpligtinge ingevolge die afbetalingsverkoopsooreenkoms het sy gedurende 1996 kennis gekry dat Bankfin as eienaar van die

voertuig die *merx* in die afbetalingsverkoopsooreenkoms, opeis. Sy, appellante, het met verweerder se Mnr. Maree 'n gesprek gevoer. Appellante se getuienis aangaande gemelde gesprek tydens kruisverhoor is insiggewend:

“Nou, toe u en mnr. Maree met mekaar oor die foon gepraat het, is daar enige stadium 'n bedrag genoem? Hy het 'n bedrag aan my genoem.

Wat is dit? Hy het vir my gesê R17 000,00 of R20 000,00 waarop ek toe vir hom geantwoord het ek kan dit nie aanvaar nie, my prokureur is nie hier nie en ek moet eers met hom dit onderhandel.

En die aanbod van R17 000,00 of R20 000,00 het u van die handgewys u is nie bereid om dit te aanvaar nie? Nee ek het vir hom gesê ek sal dit aanvaar as dit reg is met my prokureur maar hy was in Amerika en ek wou gehad het hy moet eers met my dit bevestig dat dit reg is.”

asook

“Ja, nou, het u nooit die aanbod van R17 000,00 of R20 000,00 of aanvaar of van die hand gewys nie? Net daardie dag het ek vir hom gesê ek kan dit nie nou aanvaar nie, ek kan nie vir hom sê wat ek moet doen nie, dit is daarom wat ek gevra het hy

moet dit vir my op skrif stel wat (tussenbei).

En tot vandag toe het u nog nie die aanbod van R17 000,00 of R20 000,00 aanvaar nie? Ek het dit nie aanvaar nie, maar ek het dit ook nie afgewys nie.

So, ek wil dit net baie duidelik kry, tot vandag toe het u dit nog nooit aanvaar nie? Hy het dit nog nie weer dit vir my aangebied nadat ek met hom gepraat het en vir hom gesê hy moet dit vir my op skrif stel nie.”

Die getuienis is voorts dat Maree inderdaad op 25 Oktober

1996 sy onderneming op skrif gestel het en aan appellante

laat toekom het. Dié brief, bewysstuk “K”, lees as volg:

“SONDER BENADELING VAN REGTE

I/S HUURKOOP VAN DEN HEEVER / HERBST / BOLAND

BANK / BANKFIN

Bovermelde verwys en bevestig ons soos ooreengekom dat die bank onderneem om u die waarde van die voertuig te betaal sou Bankfin se aanspraak op die voertuig deur 'n bevoegde hof erken word. Sou betaling deur die bank gemaak moet word sal dit in volle vereffening van aanspreeklikheid wees.

Groete,

P. Maree

KREDIETBEHEER”

Dit is duidelik dat appellante self nie aanvaarding van die onderneming aan respondent gekommunikeer het nie; trouens haar getuienis was telkens dat sy eers met haar prokureur wou praat of dat laasgenoemde die onderneming moes oorweeg.

[17] Appellante het dan ook haar prokureur, Mnr. R. van Wyk, na sy terugkeer van Amerika op 3 November 1996, gespreek.

Tydens hierdie konsultasie was bewysstuk “K”, verweerder se brief, met onderneming gedateer 25 Oktober 1996 aan gemelde Van Wyk oorhandig.

Van Wyk het Maree dan ook op 5 November 1996 telefonies gekontak. Oor hierdie gesprek getuig Van Wyk self as volg:

“Wat is tydens die gesprek gesê? Die doel van my gesprek was Edlagbare om te kyk of ons nie die waarde kan vasstel nie, want op daardie stadium het ek alreeds kennis gehad dat hierdie voertuig in beslag geneem sou word en ek het ook aan Mnr Maree gesê dat hulle het gepraat van tussen R17 000,00 en R20 000,00 as die waarde van die voertuig, wat hy toe aan my bevestig het en ek wou toe net kyk of ons nie ‘n ooreenkoms kon bereik oor wat die waarde sou wees nie.”

Aan Mnr. van Wyk was gestel dat hy, tydens gemelde gesprek, sou gesê het dat die aanbod om die waarde van die voertuig te betaal nie aanvaar was nie. Hy, Van Wyk, het die

stelling betwis.

[18] Maree, voormeld, die enigste getuie namens respondent, het getuig dat tydens die gesprek met Van Wyk laasgenoemde gesê het dat die aanbod nie aanvaarbaar is nie.

[19] Namens appellante, was sterk gesteun op bewysstuk "K", die brief van 25 Oktober 1996, en aangevoer dat blykens voormelde brief die partye reeds ooreengekom het dat die respondent se onderneming om die waarde van die voertuig te betaal aanvaar was.

Soos reeds hierbo uit die aanhalings uit appellante se getuienis blyk, was appellante tydens die telefoniese gesprek met Maree, wat die enigste gesprek was wat sy met hom gehad het, en ook die enigste gesprek is waarna bewysstuk "K" kon verwys, nie geneë om die aanbod te aanvaar sonder om met haar prokureur te beraadslaag nie.

Maree se getuienis was tot dieselfde effek.

Appellante en respondent was dus wat betref die bedoeling van bewysstuk "K" dit eens; naamlik dat die brief vir oorweging voorgelê moes word. Aan daardie bedoeling, en nie die letterlike uitleg van bewysstuk "K" nie, moet gevolg

gegee word. Waarnemende Appèlregter Lewis soos sy toe nog was bevestig bogemelde beginsel in **AUSSENKEHR FARMS (PTY) LTD v TRIO TRANSPORT CC** 2002 (4) SA 483 (SCA) te 493 paragraaf 25 G – H:

“[25] Where the parties dispute the meaning of a term then a court must necessarily look to the wording of the provision itself to determine its correct construction. But where they agree on its meaning, even though the provision appears objectively to reflect a different understanding, it would be absurd to insist on binding them to a term upon which neither agrees only because of a third party's insistence on reliance on the apparent meaning of the provision.”

Bewysstuk “K” was dus slegs bevestiging van die onderneming wat respondent gegee het en nie bevestiging van ‘n ooreenkoms nie.

[20] Die onderneming in bewysstuk “K” gegee, het aanvaarding geverg alvorens ‘n afdwingbare ooreenkoms tot stand kon

kom. In **VOLKSKAS SPAARBANK BPK v VAN**

ASWEGEN 1990 (3) SA 978 (A) te 986 G – H verduidelik M

T Steyn AR 'n bykans analoge geval:

“So 'n ooreenkoms sou uiteraard konsensueel moes wees. 'n Onderneming deur verweerder, 'n aanvaarding deur eiser en mededeling daarvan aan verweerder, is gevolglik noodsaaklik vir die totstandkoming van so 'n nuwe aanspreeklikheid. Aanvaarding van verweerder se onderneming van 26 Mei 1982 en mededeling daarvan aan verweerder moes derhalwe deur eiser bewys word.”

- [21] Appellante moes dus in die onderhawige geval bewys dat betaling van die waarde van die voertuig aanvaar was en ook dat sy kragtens bevel van 'n bevoegde hof deur Bankfin uitgewin was.

Ek wil beklemtoon dat die aanvaarding van die onderneming moes behels dat appellante die waarde van die voertuig as prestasie aanvaar en nie vrywaring teen uitwinning of soos gebruiklik terugbetaling van die koopsom en skade gely as

gevolg van die uitwinning nie. Vergelyk **LAMMERS AND LAMMERS v GIOVANNONI** 1955 (3) SA 385 A te 390.

[22] Die hof *a quo* moes, en so sal op appèl ook beslis moet word of Van Wyk aanvaarding van die onderneming aan Maree tydens sy enigste telefoniese gesprek met hom meegedeel het, en of die onderneming van die hand gewys was soos wat Maree getuig het.

[23] Myns insiens weerlê die waarskynlikhede Van Wyk se getuienis dat hy, tydens die gesprek met Maree die onderneming namens appellante aanvaar het en wel om die volgende redes:

(a) Van Wyk getuig dat appellante aan hom oorgedra het dat sy 'n ooreenkoms gehad het dat respondent die waarde van die voertuig sou betaal. Sy doel met die gesprek met Maree was dus soos hy self getuig het “om te kyk of ons nie die waarde kan vasstel nie”. Daar was dus geen “aanvaarding” van die onderneming ter sprake nie, en wel omdat wat hom betref daar reeds 'n ooreenkoms was.

(b) Indien die onderneming om die waarde van die

voertuig by uitwinning te betaal aanvaar was, sou verwag word dat Van Wyk by die eerste die beste geleentheid daarna in korrespondensie sou verwys na óf die aanspraak op die waarde van die voertuig óf die aanvaarding van die onderneming. Die eerste korrespondensie op rekord na die gesprek met Maree, bewysstuk "D" gedateer 15 November 1996, deur Van Wyk aan respondent gerig lees:

"Die Bestuurder,

Regsafdeling

Boland Bank

SILVERTON
PRETORIA

PER FAKS : 012 – 804 5105

PER GEREGISTREERDE POS

Meneer
INSAKE ; HUURKOOP VAN DEN HEEVER / HERBST / BOLAND BANK /
BANKFIN

Ons verwys na ons skrywe van 6 deser en bevestig dat BANKFIN nou beslag gelè het op die betrokke voertuig.

Ons heg hierby aan vir u aandag:-

1. Hofbevel van Landdros Mosselbaai gedateer 13 November 1996;
2. Relas van adjunk-balju Kroonstad.

U word hiermee versoek om ons kliënt te beskerm in haar aanspraak op die voertuig en verneem graag dringend van u watter stappe u gaan neem.

Geliewe daarop te let dat die keerdatum 12 Desember 1996 is.

Ons stuur 'n afskrif hierin aan u Kroonstadtak.

Die uwe

DU RANDT & LOUW

(My onderstreping.)”

Indien appellante wel 'n skikking bereik het en die onderneming aanvaar was, kan daar geen sprake wees van “beskerming” deur respondent aan appellante op haar “aanspraak” op die voertuig nie.

c) In appellante se dagvaarding vorder sy R42 603,39 welke bedrag as volg saamgestel word

- | | | |
|---|--|-----------|
| - | Hoofskuld (wat die koopsom van die voertuig was) | R30000.00 |
| - | Seëlregte | 20.00 |

-	Finansieringskoste	11305.71	
-	Kredietversekering	<u>1277.68</u>	
			R42603.39

(Die invoeging is myne.)

Die samestelling van die gevorderde bedrag is die presiese bedrag wat as skuld in die afbetalingsverkoopsooreenkoms aangetoon word. Appellante vorder dus dit wat sy vir die *merx* moes betaal as haar verliese. So 'n formulering spreek teen enige suggestie dat sy “die waarde van die voertuig” vorder, trouens dit is onteenseglik formuleer op grond van uitwinning, en nie die lewende ooreenkoms nie.

d) Van Wyk was tydens kruisverhoor gekonfronteer met die samestelling van die gevorderde bedrag. Die suggestie van die kruisverhoorder was duidelik dat die dagvaarding nie die waarde van die voertuig reflekteer nie, en dan uiteraard ook dat die onderneming deur respondent nie

aanvaar was nie.

Van Wyk se antwoorde en reaksie op die vrae naamlik dat hy, nadat hy navraag gedoen het aangaande die sogenaamde “boekiewaarde” van die voertuig, van mening was dat die waarde van die voertuig dieselfde was as die koopsom plus die koste van finansiering en versekering is op waarskynlikhede onsinnig; die waarskynlikhede dat ‘n voertuig wat geen versamelaarsitem is nie, se waarde na twee jaar sal verhoog, is bykans nul.

Dit is dan ook opvallend dat Maree se getuienis dat hy in sy aanbod aan appellante toe hy haar tussen R17 000,00 en R20 000,00 aangebied het, hom by die waardebepaling van die voertuig deur die “gewone boekies” laat lei het, en wat dui op die onsinnigheid in Van Wyk se getuienis, nie in geskil geplaas was nie.

[24] Die feite, wat die afleiding dat die weergawe van Van Wyk,

dat die onderneming aanvaar was, onwaarskynlik is, regverdig, dien meteen ook as staving vir Maree se getuienis dat Van Wyk nie die onderneming wou aanvaar nie en ook nie aanvaar het nie.

Dit was gemeensaak dat Maree wel aan applikante 'n bedrag van tussen R17 000,00 en R20 000,00 aangebied het. Daardie bedrag was baseer op die waarde in die “gewone boekies” aangegee, wat volgens Maree die benaderde waarde van die voertuig, met uitsluiting van rentes en koste aangegaan, weerspieël, was nie deur Van Wyk aanvaar nie. Die afwysing van die voorgestelde waardebepaling het tot gevolg gehad dat geen ooreenkoms tot stand gekom het nie.

Vergelyk **KOTZè v SUIDWESTELIKE TRANSVAALSE LANDBOUKOöPERASIE** 2005 (2) ALL SA 232 (SCA) paragraaf 24 p. 238.

- [25] Op die voorafgaande vooropstelling het die appellante nie bewys dat sy hetsy op 'n uitdruklike hetsy geïmpliseerde vrywaring teen uitwinning deur respondent kon aanspraak

maak nie, en ook nie dat sy 'n afdwingbare onderneming om te betaal, aanvaar het nie. Die bevel van die landdros kan dus nie fouteer word nie.

Die volgende bevel moet volg:

Die appèl word afgewys met koste.

G. VAN COPPENHAGEN, R

Ek stem saam.

J.P. MALHERBE, RP

In opdrag van appellante:

Adv. C.A. Human
In opdrag van:
Rosendorff Reitz Barry
BLOEMFONTEIN

In opdrag van respondent:

Adv. P.C.F. van Rooyen
In opdrag van:
Symington & De Kok
BLOEMFONTEIN

/sp